PHAROS NUUSBRIEF
Februarie 2017

MAATSKAPLIKE DIENSTE . . . ANNALIE VERTEL

Aan die einde van die boekjaar kyk ek met dankbaarheid terug oor `n jaar waarin ek die voorreg gehad het om deel te wees van baie mense se verhale … verhale van hartseer, pyn, ontnugtering en ontsaglike emosionele pyn. Ons het saam die dieptevlakke van pyn en trauma deurgeworstel en kon uiteindelik kom by ongelooflike genesing en heelwording. Dit het my net weer eens laat besef hoe belangrik dit is dat `n mens moet werk maak met die spoke van die verlede om werklik vry en gelukkig te kan wees.

By Pharos sien ons dikwels die verlammende impak van armoede op individue en gesinne. Mense verloor net heeltemal hulle greep op die lewe, wanneer hulle van dag tot dag worstel om bo uit te kom. As daar nie eens genoeg kos op die tafel is nie, of brandstof in die motor nie, verloor mense gaandeweg die moed en energie om enigsins meer voort te gaan met die lewe. Dit is dan juis in sulke tye wanneer Pharos `n verskil maak … deur die wonderlike skenings wat ons ontvang … om mense te voorsien van `n trollie kruideniersware, `n tenk vol brandstof, en die omvattende ondersteuning wat ons aan hulle bied.**(Annalie Taute is Pharos se Maatskaplike Werker en Spesialis Berader).**

STUDENT IN NOOD

Wat ’n voorreg om ’n hardwerkende jongmens in staat te stel om voor te berei vir sy toekoms. ’n Jongman in ons gemeenskap is gekeur vir ’n spesiale kwalifikasie, maar dis slegs moontlik met ’n gesofistikeerde rekenaar (ter waarde van R 19 000-00)! Pharos kon (net betyds) ’n hand uitsteek sodat hy se droom kan leef!

“GEE-REG”-PROJEK – LOODSING IN DIE OOSTE VAN PTA: SAT 18 MRT 2017

Ons netwerk met Solidariteit/Helpende Hand en Moeggesukkel Rehabilitasiesentrum om hier projek vanaf Centurion na die Ooste van Pretoria uit te brei. **Die doel van hierdie projek is om kontant van die strate te kry en om straatbedelaars effektief en holisties te versorg deur Christelike diensorganisasies.** (Helpende Hand se navorsing het bevind dat meer as 90% van alle straatbedelaars een of ander verslawing in stand hou met geld van goedgelowige motoriste!)

Die **werkswyse** is `n koeponstelsel:

- Motoriste word aangemoedig om eerder ete-koepons te koop wat hulle dan vir die straatbedelaars gee.
- Straatbedelaars kry voorafbereide maaltye by vasgestelde punte
- `n Mobiele koswaentjie beweeg op elke weeksdag tussen die verskillende aflaaipunte om die kos te verskaf. Moeggesukkel berei die kos voor en gerehabiliteerdes bedien die kospunte.

Die koepons word verkoop by dienspunte (boekies met 10 koepons @ R 150-00, dws R 15 per koepon vir een ete).

KORT VIDEO: Bewusmaking (Tyd 4:35)
https://www.youtube.com/watch?v=qpCO8A84TyA

BEDWELMD – Dokumentêr (Tyd 44:00)
https://www.youtube.com/watch?v=r5twluCKY2Q

HET JY GEWEET . . . ?!

- ✓ Pharos spandeer gemiddeld R 25 000-00 pm aan NOODSORG van behoeftige gesinne en individue.
- ✓ Pharos het gedurende Januarie 2017 vir 58 leerders in ons eie gemeenskap (hoofsaaklik van Laerskool Garsfontein) gehelp met Skryfbehoeftes ter waarde van R 33 534-00.
- ✓ Gedurende Kerstyd is 30 emmers met basiese lewensbehoeftes, asook ’n Sepedi Bybeltjie, aan haweloses voorsien in ons onmiddellike omgewing.
- ✓ Ons ondersteun maandeliks ’n voltydse CHICS OFFICER (R 4 400pm) in Mamelodi wat talle brose kinders en “Child-headed households” bemagtig en ondersteun.
- ✓ Jakob-se-put op Woensdae bedien elke week ongeveer 17 mense “tussen werke”. Ons is genoodsaak om die vergroting van ons konferensielokaal te oorweeg!
- ✓ Ons nuutste projek is die Alpha-kursus op Woensdagmiddae waar behoeftiges die “Brood van die Lewe” ontvang.

Ons nader die einde van die finansiële jaar op **28 FEBRUARIE 2017** en wil graag aan individue en besighede die geleentheid bied om ons te help om ons tekort (- R 79 751**:** jaar tot datum op 31 Januarie 2017) uit te wis en terselfdertyd die Belastingvoordeel vir donateurs te ontvang. Pharos is ’n geregistreerde NIE-WINSGEWENDE ORGANISASIE. Belastingvrystelling: ARTIKEL 18 A Status.

BAIE DANKIE AAN AL DIE GETROUE “VRIENDE VAN PHAROS”, PROJEKLEIERS, DONATEURS, BEDIENINGSPANNE EN ALLE ANDER MEDEWERKERS!! JOU BYDRAE MAAK ’N GROOT VERSKIL!!

Pharos-groete

Johan Taute
(Voorsitter: Dagbestuur)